PSW

Eenheid 18: Kulturele deurgangsrites

Graad 6

Week 8: 8 Junie 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 18

TROUES (BL.78-80)

LAERSKOOL MIKRO

Sleutelwoorde:

Woord	Definisie
Simbolies	Iets wat gebruik word om iets anders te verteenwoordig.
Let op die verskillende terme wat in die ander bladsye gaan voorkom!	

Laerskool Mikro Kopiereg ©

WAT IS ‘N TROUE?

- ‘n Troue is ‘n seremonie waartydens twee mense in die huwelik verbind word.
- Verskillende kulture en gelowe het verskillende tradisies en gebruike rondom troues.
- Daar is gewoonlik ‘n publieke huweliksaankondiging deur ‘n geloofsleier (dominee / pastoor) of regsbeampte.
- Mense dra spesiale klere en vier die geleentheid voor of na die seremonie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

HUWELIKSEREMONIES SLUIT DIE VOLGENDE IN:

Alhoewel elke kultuur hul eie tradisies volg, sluit die meeste huwelikseremonies die volgende in:

- Die aflê van beloftes deur die egpaar
- Die gee van ‘n geskenk, ringe, ‘n simboliese item of geld
- Blomme
- Musiek
- Digkuns
- Gebede of voorlesing uit die Bybel of ander literatuur

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (ZOELOE-TROUE) :

'n Tradisionele Zoeloe-*indwendwe* (troue) word gevier met:

- Helder kleure, kralehangertjies, hooftooisels (***indlokos***), sang, danse en skyngevegte met ***giya*** (denkbeeldige vyande).
- GEEN uitnodigings word gestuur nie; die hele gemeenskap woon die troue by.
- Die bruidegom moet ***ilobola*** (bruidsprys) vir die bruid betaal in die vorm van beeste.
- **Die doel van hierdie geskenk** is om die vriendskap van die bruid se familie te behou.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (HINDOE-TROUE) :

Daar is baie rituele en feestelikhede gedurende die troue:

- ‘n Vriendin of familielid bring **henna** op die hande en voete van die bruid aan. Dit staan bekend as ***mehndi*** (krag van liefde binne die huwelik).
- Die ***nikaah*** (huwelikseremonie) kan by die huis van die bruid / bruidegom, of enige ander plek gehou word.
- ‘n ***Maulvi*** (priester) voltrek die seremonie in die teenwoordigheid van die gesin en familie.
- Tradisioneel deel die bruidspaar ‘n **soet vrug** ná die seremonie.

Henna **is ‘n rooierige / bruin kleurstof om die liggaam mee te kleur.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (ISLAMITIESE-TROUE) :

Moslem-troues kan wissel van kultuur tot kultuur:

- Die verbinding van twee mense in die huwelik word gesien as ‘n baie belangrike deel van die lewe, want dit beteken dat **twee families saamgevoeg** word.
- Sommige troues kan tot ‘n **week lank** duur met honderde gaste wat dit bywoon.
- Moslem-troues word opgedeel in ‘n **voor-troue**, **die troue** en ‘n **ná troue**.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (ISLAMITIESE-TROUE) :

- ***Voor-troue:*** Die opgewondenheid oor die huwelik word deur verskeie feesvieringe aangewakker.
- ***Die troue:*** Die huwelik word amptelik gemaak.
- ***Ná-troue:*** Feesvieringe vind plaas omdat die paartjie nou getroud is.

Die getroude paartjie ontvang soms geld om hulle te help om hul nuwe lewe saam te begin.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

HUISWERK:

Lees hierdie week deur die leesstuk op bladsy 80 in jou handboek waar jy nog interessante feite oor verskillende troues sal kry.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Gesels bietjie met mamma, pappa, oupa of ouma oor die volgende vrae:

- Vra vir mamma, pappa, oupa of ouma om vir jou foto's te wys van hulle troues.
- Hoe het hul rokke/pakke, hare, blomme ensovoorts gelyk ?
- Hoekom dink jy word troues as 'n belangrike lewensfase gesien?

Laerskool Mikro Kopiereg ©